# GEBEDSGIDS - SEPTEMBER 2022

*Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor. Jer. 29:12*

**DONDERDAG 1 September** **Gebed**
Bid asseblief vir elke lidmaat wat hierdie Gebedsgids gebruik. "Here seën hulle en hulle dierbares met die keur van U seëninge. Dankie dat U self die waarborg is vir gebede wat in U Naam gebid word (vgl. Joh 14:13-14). Mag meer lidmate van hierdie materiaal gebruik maak.

**VRYDAG 2 September** **Ons vervolgde Familie**
Bid vir ons vervolgde familie in lande wat nie aldag in die nuus is nie. Bid dat hulle U vrede sal beleef, U krag sal ervaar en sal volhard in gebed en getuienis. Mag hulle vas staan teen aanvalle en verwerping. Ons moet volhard om hulle aan die Skepper op te dra.

**SATERDAG 3 September** **Voorbereiding**
Ons bid dat lidmate tyd sal maak om stil te word en hulle geestelik sal instel om môre 'n ontmoeting met U te hê. Seën asb. ook elke leraar wat môre die Woord moet verkondig. Gee vir hulle kalmte, insig Goddelike wysheid wanneer hulle voor die gemeentes staan.

**SONDAG 4 September** **Dowes**
Ons deuroffers gaan vandag vir die bediening van dowes. Kom ons bid vir instansies betrokke en dat die Here daar sy seën sal bied. Gee mildelik en dank God vir elkeen van ons sintuie.

**MAANDAG 5 September** **Verhoudings**
Egskeiding, konflik in gesinne en spanning by die werk, lei daartoe dat baie mense
alleen, verlore, ongeliefd en wanhopig voel. Bid vandag dat elkeen wat worstel met 'n diep verlange na liefde en versorging, vervulling sal vind in die liefde van Jesus Christus en sy verlossing. Bid vir versoening in verhoudings in ons land. (Johannes 14:1).

**DINSDAG 6 September** **Enkellopendes**
"*Hemelse Vader, ons het vandag die behoefte om alle enkellopendes, weduwees, wewenaars en geskeide persone na U toe te bring. Oordek hulle met U liefde, sorg en genade en gee hulle die versekering dat U met hulle is tot aan die voleinding van die wêreld en dat U eensaam en verlate in Getsémané moes wees sodat ons nimmermeer deur U verlaat sal word nie. Mag lidmate in liefde uitreik na ons eensame ''familielede''.*

**WOENSDAG 7 September** **Landsburgers se veiligheid**
Bid vir seën oor personeel van veiligheidsinstansies wat oor ons veiligheid waak: polisie-; brandweer-; noodhulp- en sekuriteitswerkers. Bid ook vir hulle gesinne wat dalk in vrees en angs verkeer wanneer lang en ongereelde ure hul van mekaar verwyder.

**DONDERDAG 8 September** **Huwelike**
"*Vader, die aanslag van die duiwel is tans sterker as ooit op ons huwelike. Ons vra vir die nodige respek, geduld en getrouheid in die huwelik en dat egpare die leiding van ons God en Here eerste sal stel in hulle verhouding*". **Egpare bid vir- en saam met mekaar!**

**VRYDAG 9 September** **Nigerië**
Christene wat deur Fulani-militante ontwortel is, staar voor die algemene verkiesing in 2023 groter vervolging in die gesig. Bid dat hulle sal onthou dat God se Naam 'n sterk vesting is tydens onsekerhede. (Spr. 18:10)

**SATERDAG 10 September** **Bejaardes**
*"Dierbare Vader, vanoggend wil ons met liefde en deernis dink aan al die pensioenarisse wat swaar trek weens verskillende omstandighede – dikwels buite hulle beheer. Omvou hulle met U liefde en mag hulle nie moedeloos word nie, maar die oog op U gerig hou*"

**SONDAG 11 September** **Melaatses**
Dit is ongelukkig waar dat daar nog melaatses in ons land te vinde is. Ons kerk het al baie jare lank 'n bediening om Christus se liefde ook onder hulle te laat leef. Bid vir hierdie mense en vir gelowiges wat hulle op geestelike gebied versorg en bystaan.
Ons het vandag die geleentheid om hulle met ons bydraes te ondersteun.

**MAANDAG 12 September** **Gesinsgeweld**
Dit is moeilik om saam met 'n gewelddadige (fisies of verbaal) persoon te leef. Bid dat die Here met Sy liefdevolle goedheid en genade verlossing van vernietigende gedrag en woorde in gesinne sal bewerk. "'n Sagte woord laat woede bedaar" (Spreuke 15:1).

**DINSDAG 13 September** **Kerkraadsvergadering**
Dank die Here vir Kerkraadslede wat in ons gemeente dien. Bid vir vanaand se vergadering, dat dit in 'n goeie gees, met wysheid en onder leiding van die Gees sal plaasvind. Dat die fokus op die Koninkryk van God en Christus se groot opdrag sal wees.

**WOENSDAG 14 September** **Geestesgesondheid**
Bid vandag vir hulle wat aan depressie, angs en ander sielkundige kwale ly. Vra dat hulle God se stem in hulle lewens sal hoor en dat hulle hul vertroue in Hom sal wees vir verlossing en genesing. Bid dat hulle hul skeppingsdoel en hoop in Jesus Christus sal vind. (Ps 42:6).

**DONDERDAG 15 September** **Betrokkenheid**
Loof vandag die Here dat Hy Hom verbind het om self Sy Kerk in stand te hou en dat Hy ons as lidmate juis daarvoor wil gebruik. Vra dat die Heilige Gees lidmate sal inspireer en motiveer om meer betrokke te raak by ons gemeente se verskeie bedieningsterreine, want iewers kan elke persoon se gawes en talente gebruik word.

**VRYDAG 16 September** **Kenia**
Bid vir vroue wat weens hul geloof in Christus slagoffers van mishandeling word. Bid dat hulle God se liefde en omhelsing van die Heilige Gees sal ervaar. Dat hulle Sy vrede beleef.

**SATERDAG 17 September** **Teologiese Opleiding**
Daar is baie kommentaar en standpunte in die media en dalk wanbegrip oor die lektore en opleiding van leraars by ons verskillende Universiteite. Kom ons bid ernstig dat saam met die suiwere Waarheid en Kennis, daar ook by elke student geroepenheid, passie, toewyding, erns en opregte gebed deel van hul vorming sal wees.

**SONDAG 18 September** **Arbeidsbediening**
Die hele arbeidswêreld behoort aan die Here. Mense se werk is vir Hom belangrik. Kom ons bid vir vrede, hardwerkendheid, geregtigheid en versoening by almal wat werk het. Bid ook vir mededeelsaamheid en sorg tussen werkloses en werkendes. Ons offers gaan vandag vir die werkers in hierdie sinodale bediening.

**MAANDAG 19 September** **Huishulpe en Tuiniers**
*"Here, Laat ons wat in 'n lewende verhouding met U staan, teenoor hulle wat so naby ons leef en werk, getuig van U Verlossing vir elkeen. Leer ons om U liefde teenoor hulle uit te leef, laat ons werklik dissipels vir U wees en hulle na U te lei."*

**DINSDAG 20 September** **God se Skepping**
Dank God vir die voorreg om 'n nuwe dag te kan ervaar en om die pragtige natuurskoon te aanskou. Heer help ons, om as rentmeesters van u skepping, U handewerk te waardeer en ook met verantwoordelikheid te versorg. U is groot o Skepper-God. (Ps 8)

**WOENSDAG 21 September** **Die Kerk van Jesus**
Ons dank God vir Sy Kerk – die Heilige Algemene Christelike Kerk wat ons Sondae bely. Dankie dat Hyself Sy Kerk in stand hou en mag ons lewende stene wees wat tot Sy eer sal leef en getuig. Mag Jesus se gebed vir eenheid in Joh 17:21 in ons harte leef.

**DONDERDAG 22 September** **Arbeiders in die oesland**
Ons bid vir sendelinge wêreldwyd mag hul daagliks krag en wysheid ontvang om Jesus aan 'n stukkende wêreld voor te stel. Dat God elke gesprek of preek sal seën en harde harte sal verander. Bid vir hul dierbares, gesondheid en volharding in hul roeping.

**VRYDAG 23 September** **Indië**
Bid vir die beskerming van die prokureurs wat vroeër vanjaar gedreig is omdat hulle probeer het om ses vervolgde Christene by te staan. Bid dat God meer mense sal oproep om 'n stem vir ons vervolgde broers en susters in Indië te wees. *"Here seën u kerk in Indië."*"

**SATERDAG 24 September** **Erfenisdag**
Hierdie dag word op vele maniere gevier, ons as gelowiges het egter 'n ewige erfenis. Kom ons sê dankie vir die ewige hoop wat ons erfenis is: "*Met blydskap moet julle die Vader dank wat julle geskik gemaak het om deel te hê aan die erfenis wat vir die gelowiges wag in die ryk van die lig.* (Kol 1:12)"

**SONDAG 25 September** **Bediening aan Jode**
Ons dink vandag aan ons Joodse Christene en dank God dat hulle hul Messias gevind het. Mag al meer Jode en mense van ander godsdienste deur ons getuienis en ons lewens die Weg, die Waarheid en die Lewe ontdek. Bid vir alle bedienings wat na vreemdes uitreik.

**MAANDAG 26 September** **Geestelike Groei**
Kom ons bid vandag vir geestelike groei en volwassenheid by al ons lidmate, oud en jonk
en dat geleenthede vir onderrig, Bybelstudie en gebed aangegryp sal word om ons geestelik te laat lewe en groei. (Kol. 4:12)

**DINSDAG 27 September** **Christelike Televisie**
"*Here ons loof U vir die SAT-7 televisie bediening wat miljoene in die Midde–Ooste en Noord-Afrika bereik. O, Gees van God, wees werksaam in die harte wat hulle wat na die programme kyk en luister, maak hul ontvanklik vir die Evangelie van Jesus Christus."*

**WOENSDAG 28 September** **Makhathini en Msinga in KZN**
Kom ons bid vir hierdie twee gemeentes wat deur ons sinode ondersteun word. Vra vir geestelike groei en selfstandigheid, mag lidmate standvastig wees teen dwaalleringe en vrede ervaar te midde van onrus. Mag die Heilige gees hul vul met blydskap en liefde.

**DONDERDAG 29 September** **Jeug**
Bid vir die jongmense in ons land wat in 'n baie moeilike tyd onder geweldige druk van baie kante, versoekings ondervind en nie altyd die regte leiding ontvang nie. Mag ouers en onderwysers positiewe Christenwaardes propageer . Bid vir wysheid in die vakansie wat voorlê en dat die Here hul sal bewaar teen aanvalle van die bose.

**VRYDAG 30 September** **"Here hoor ons gebede"**

*"Ons dank U dat ons hierdie maand gespaar was om gereeld voor U troon van Genade te kon kniel. Dankie dat ons weet U het geluister en sal op U tyd en manier elke gebed verhoor. "So sê die Here: Op 'n tyd wat Ek goeddink, sal Ek jou gebed verhoor, op die dag wanneer Ek wil red, sal Ek jou help*" Jes. 49:8.

**Waar God gebied, sal ek geen onheil vrees nie, want niemand kan soos Hy 'n Redder wees nie,**
**aan Hom my lof aan Hom my Lied.**